WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

Administratiewe Kantoor
Administrative Office

Tel: +264 61 244 219
Faks/Fax: +264 61 238 664
E-pos/Email: wap@wap.edu.na
Webwerf/Website:
www.wap.edu.na
Posbus/ PO Box 86564, Eros, Windhoek
Fisiese Adres/Physical Address:
Drakensbergstr. 5, Eros, Windhoek

Windhoek Affies

Sportkantoor
Sports Office

Tel: +264 61 244 219
Faks/Fax: +264 61 249 049
E-pos/Email: sport@wap.edu.na
Webwerf/Website:
www.wap.edu.na
Posbus/ PO Box 86564, Eros, Windhoek
Fisiese Adres/Physical Address:
Drakensbergstr. 5, Eros, Windhoek

Treintjieskool

Treintjieskool/WAP
Pre-Primêre Skool
Pre-Primary School

Tel: +264 61 250 040
Faks/Fax: +264 61 255 257
E-pos/Email:
waptreintjie@wap.edu.na
Webwerf/Website:
www.wap.edu.na
Posbus/ PO Box 86564, Eros, Windhoek
Fisiese Adres/Physical Address:
Olaf Palmestr. 162, Eros, Windhoek

13 Oktober 2026

Geagte Ouers

INSAKE: SKOOLFONDS VIR 2027

Soos tydens die Algemene Jaarvergadering (AJV) van 8 September 2026 verduidelik is, het die Beheerraad ’n deeglike markanalise van die skoolfonds van alle privaatskole in Windhoek gedoen. Hierdie vergelyking toon dat W.A.P. se skoolfonds steeds beduidend laer is as die meeste ander privaatskole, terwyl ons tog op akademiese, sport- en infrastruktuurvlak dieselfde of selfs ’n hoër standaard handhaaf.

Die besluit om die skoolfonds met ’n gemiddeld van 7% vir die 2027-skooljaar te verhoog, is gebaseer op die volgende kernredes wat tydens die AJV voorgehou is:

- **Onderwysers en salarisse:** Ons onderwysers dra ’n groot werkslading, nie net in die klaskamer nie, maar ook met sportafrigting, funksies en projekte. Salarisse moet kompeterend bly om gehaltepersoneel te behou en nuwe poste te skep.
- **Dubbelstroomonderrig:** Die hoërskool beoog om vanaf 2027 geleidelik sekere vakke in twee taalstrome aan te bied, wat addisionele personeel sal vereis.
- **Sport en mededingendheid:** Ons streef daarna dat ons sportfasiliteite en deelname op dieselfde vlak as ander privaatskole in Windhoek moet wees. Die afgelope twee jaar is daar beduidend belê in ontwikkeling, die aanstelling van afrigters en die uitbreiding van ons sportfasiliteite.
- **Beleid en volhoubaarheid:** Ons beleid vereis dat vaste koste driemaal deur ons kontantposisie gedek word en dat die skool finansieel gesond bly. Die verhoging verseker dat ons steeds ’n netto kontantsurplus kan handhaaf en toekomstige projekte kan finansier.

Hierdie aanpassing is dus nie bloot ’n verhoging nie, maar ’n belegging in die volhoubare groei van ons leerders se akademiese en sportontwikkeling, sowel as die instandhouding van ’n trotse en dinamiese skoolgemeenskap. Sien aangeheg die volledige uiteensetting van die **skoolfonds vir 2027**.

Neem asseblief die vrymoedigheid om enige onduidelikhede met die hoofuitvoerende beampte of die finansiële bestuurder te bespreek.

WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

Graad	1ste Kind	2de Kind	3de & meer Kinders
TS Halfdag	45 650.00	41 085.00	36 520.00
TS Voldag	51 040.00	45 936.00	40 832.00
1–6	65 010.00	58 509.00	52 008.00
7	67 430.00	60 687.00	53 944.00
8	71 500.00	64 350.00	57 200.00
9	74 800.00	67 320.00	59 840.00
10–12	81 620.00	73 458.00	65 296.00

Aangeheg:

1. Aanhangsel “A” – Belangrike notas rakende skoolfondsrekeninge

2. Aanhangsel “B” – Volledige uiteensetting van skoolfonds

W.A.P.-groete

Alida Hill
Hoofuitvoerende Beampte

WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

Aanhangsel "A"

Belangrike notas rakende skoolfondsrekeninge:

1. Skoolfonds word bereken as 'n jaarlikse koste wat oor 'n tydperk van elf (11) maande, vanaf Januarie tot en met November, in gelyke paaiemente vooruitbetaalbaar is. Skoolfonds kan ook as 'n enkelbedrag aan die begin van die jaar betaal word, soos in Aanhangsel "B" hieronder uiteengesit.

2. Slegs nuut ingeskrewe leerders betaal 'n eenmalige toelatingsfooi. Die fooi vir 2027 beloop N$3 600.00 per leerder en is betaalbaar tesame met die suksesvolle plasing van die leerder in W.A.P.

3. Afslag van vyf persent (5%) word toegestaan indien u voor of op Vrydag 5 Februarie 2027 die jaarlikse skoolfonds met 'n enkelbedrag vooruitbetaal. Geen afslag sal op enkelbedragbetalings wat ná hierdie datum ontvang word, toegestaan word nie.

4. Afslag van tien persent (10%) word toegestaan op die skoolfonds van die 2de kind van dieselfde gesin.

   Belangrike nota: Hierdie afslag sal verbeur word indien 'n rekening nie maandeliks vooruitbetaal is nie.

5. Afslag van twintig persent (20%) word toegestaan op die skoolfonds van die derde of daaropvolgende kind(ers) van dieselfde gesin.

   Belangrike nota - Hierdie afslag sal verbeur word indien 'n rekening nie maandeliks vooruitbetaal is nie.

6. Vir volledigheid verwys ons u ook na die beleid ten opsigte van die hantering van agterstallige skoolfonds soos dit in die Prospektus vervat is:

   - *"Skoolfonds is maandeliks vooruitbetaalbaar en moet die skool nie later as die sewende (7de) werksdag van die maand bereik nie.*

   - *Alle rekeninge ouer as 90 dae word oorhandig om die uitstaande bedrag in te vorder. Die betrokke ouer/rekeninghouer is in só 'n geval ten volle verantwoordelik vir alle koste, fooie en kommissies soos deur die skuldinvorderaars gehef word.*

   - *Dat leerders van ouers wat met skoolfondsbetalings agterstallig raak, die gevaar loop dat verdere skoolbywoning opgeskort kan word."*

Ouers moet asseblief ook bewustheid dra en kennis neem van die volgende:

Deelname deur leerders aan, of inskrywing namens leerders vir, onder andere die volgende skoolaktiwiteite (maar nie beperk tot hierdie aktiwiteite nie) wat óf ten volle óf gedeeltelik deur die skool gefinansier en/of geadministreer word, sal slegs moontlik wees mits die skoolfondsrekening elke maand ten volle vereffen is:

- Alle klas- en graaduitstappies en kultuurskool;
- Konserte;
- Graad 7: veldskool, afskeid en momentoboekie;
- Graad 8: kamp;
- Graad 12: IEB-eksamenregistrasie, matriekdas, jaarblad en matriekafskeid;
- Skooltoere;
- Busvervoer na skoolverwante geleenthede en aktiwiteite.

Soortgelyk kan leerders se koshuisinwoning, daaglikse busrydienste, musieklesse en buitemuurse skaakklasse, in geval van wanbetaling, onmiddellik deur die skool gestaak word.
Geen amptelike rapporte en/of skolastiese verslae kan deur die skool uitgereik word indien daar enige bedrag aan die skool verskuldig is nie.

Afslag soos uiteengesit in punte 4 en 5 hierbo sal verbeur word indien die rekening nie maandeliks vooruitbetaal is nie.

7. Skoolfonds is per debietorder betaalbaar, tensy:

   - Skoolfonds jaarliks vooruitbetaal word, of
   - Skoolfonds by wyse van ’n herhalende elektroniese betaling (*recurring electronic payment*) maandeliks betaal word, of
   - ’n Spesiale reëling skriftelik deur die skool goedgekeur is.
   - By kansellasie van skoolbywoning moet die skoolhoof ’n maand vooruit skriftelik in kennis gestel word.

8. Debietordervorms is onder Bronne op School Communicator beskikbaar.

9. Vanweë die risiko’s daaraan verbonde, sal geen kontantbetalings van skoolfonds by die skool ontvang word nie. Betalings moet asseblief direk in die skool se bankrekening gemaak word. Die inbetaler moet toesien dat die korrekte verwysing* deur die kassier by die bank voltooi word.*
   *Dié familiekode verskyn links bo-aan die staat en moet as verwysing vir betalings gebruik word.
10. Die skool se bankinligting is soos volg:

WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

Rekeningnaam:	Windhoek Afrikaanse Privaatskool
Bank:	Bank Windhoek
Tak:	Windhoek-tak (481-972)
Rekeningnommer:	1030487901
Verwysing:	Familiekode – D6

11. Indien probleme met die betaling van u skoolfonds ontstaan, of indien u enige navrae rakende die rekening het, moet u asseblief onverwyld en vroegtydig per e-pos met die finansiële departement by finansies@wap.edu.na en debiteure@wap.edu.na kontak maak.

12. Alle rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur. Rekeninge kan egter slegs na een e-posadres per rekening gestuur word.

13. 'n Verandering van e-posadres moet skriftelik aan debiteure@wap.edu.na deurgegee word.

WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

Aanhangsel "B"

Volledige uiteensetting van skoolfonds

1. Skoolfonds van 'n eerste of enigste kind per gesin vir 2027:

Graad	*Skoolfonds per maand (N$) – 1ste kind*	*Skoolfonds per jaar (N$) – 1ste kind*	*Skoolfonds jaarliks vooruitbetaal (N$) – 1ste kind*
TS Halfdag	4 150.00	45 650.00	43 367.50
TS Voldag	4 640.00	51 040.00	48 488.00
1 – 6	5 910.00	65 010.00	61 759.50
7	6 130.00	67 430.00	64 058.50
8	6 500.00	71 500.00	67 925.00
9	6 800.00	74 800.00	71 060.00
10–12	7 420.00	81 620.00	69 785.10

2. Skoolfonds van 'n tweede kind per gesin word *pro rata* met tien persent (10%) verminder:

Graad	*Skoolfonds per maand (N$) – 2de kind*	*Skoolfonds per jaar (N$) – 2de kind*	*Skoolfonds jaarliks vooruitbetaal (N$) – 2de kind*
TS Halfdag	3 735.00	41 085.00	39 030.75
TS Voldag	4 176.00	45 936.00	43 639.20
1 – 6	5 319.00	58 509.00	55 583.55
7	5 517.00	60 687.00	57 652.65
8	5 850.00	64 350.00	61 132.50
9	6 120.00	67 320.00	63 954.00
10–12	6 678.00	73 458.00	69 785.10

WINDHOEK
AFRIKAANSE PRIVAATSKOOL

Aanhangsel "B"

3. **<u>Skoolfonds van 'n derde kind en/of meer kinders per gesin word *pro rata* met twintig persent (20%) verminder</u>:**

Graad	*Skoolfonds per maand (N$) – 3de & meer kinders*	*Skoolfonds per jaar (N$) – 3de & meer kinders*	*Skoolfonds jaarliks vooruitbetaal (N$) – 3de & meer kinders*
TS Halfdag	3 320.00	36 520.00	34 694.00
TS Voldag	3 712.00	40 832.00	38 790.40
1 - 6	4 728.00	52 008.00	49 407.60
7	4 904.00	53 944.00	51 246.80
8	5 200.00	57 200.00	54 340.00
9	5 440.00	59 840.00	56 848.00
10–12	5 936.00	65 296.00	62 031.20